# Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
**NORTH WEST PROVINCE**

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1 MEMORANDUM

## SEPTEMBER 2015

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip:**

- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie, omdat die klem op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar beide die letter en/of korrekte antwoord by 'n meerkeusevraag.

**AFDELING A**
**VRAAG 1**

| Vraag | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1.1 | In die titel word die woord "twiet" gebruik wat na sosiale media verwys en in die eerste paragraaf word ook verwys na navorsing oor sosiale media. √√<br>*Leerders moet in hul antwoord na albei sake verwys.* | 2 | 2 |
| 1.2 | Die sosiale medium wat die meeste aanhang geniet. √/<br>Belangrikste/Gewildste | 1 | 3 |
| 1.3 | Ja. Die woorde word algemeen deur almal gebruik, omdat daar nog geen erkende Afrikaanse woorde/sinonieme daarvoor is nie./ Daar is nog geen erkende Afrikaanse woorde daarvoor nie. √√<br>**OF**<br>Nee. Daar is wel Afrikaanse woorde vir die Engelse woorde beskikbaar, baie mense ken dit nog nie. √√ | 2 | 3 |
| 1.4 | Sosiale media oorbrug die ouderdomsgrens tussen die stad en platteland. √<br>Sosiale media oorbrug die gaping tussen stad en platteland. √ | 2 | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.5 | Aan die een kant is daar diegene wat net fokus op die aantal Twitter-volgelinge en aan die ander kant is daar dié wat voel dis meer kompleks en die regte wêreld van sosiale media moet in aanmerking geneem word. √√ | 2 | 4 |
| 1.6 | Kyk eers wat ander mense op Twitter kwytraak. √<br>Gaan soek aanlyn vir iets soos sosiale media-etiket. √<br>As jy baie privaat is, bly weg van sosiale media. √ | 3 | 2 |
| 1.7 | Jy is in die openbare oog as jy van sosiale media gebruik maak./ Jy moet weet dat jou doen en late toeganklik is vir ander om te kan sien. √ | 1 | 3 |
| 1.8 | Facebook beperk hom tot sy vriende en Twitter skep die geleentheid vir hom om wêreldwyd te kan kommunikeer./<br>Volgens Twitter lyk dit of hy bekender is as wat hy op Facebook lyk. √√ | 2 | 1 |
| 1.9 | Ja. Vreemde mense is nie emosioneel verbonde aan die persoon met wie hulle kommunikeer nie en hulle is waarskynlik baie meer objektief. √<br>**OF**<br>Nee. Jou vriende ken jou baie beter en kan dus die beste raad gee as jy wel raad vra./ Hulle sal altyd net die beste vir jou wil hê en daarom kan jy altyd ag slaan op hulle raad. √ | 1 | 5 |
| 1.10 | Almal is deesdae uitsaaiers./ Gewone mense het nou ook 'n stem./ Mense het nou 'n plek om hulle nuuskierigheid te bevredig.√ | 1 | 3 |
| 1.11 | "... aangesig tot aangesig..." √ | 1 | 1 |
| 1.12 | Mense wat regtig omgee en belangstel.√<br>Mense wat kritiek lewer. √<br>NIE: Selfs kritiek is welkom nie. | 2 | 2 |
| 1.13 | Ek stem saam met Steve dat hy net moet let op dit wat hy sê en hom nie steur aan dit wat ander sê nie. Hy is in die openbare oog en moet altyd bewus wees van uitsprake wat hy maak, wat ander sê is nie sy verantwoordelikheid nie. √√/<br><br>Ek stem saam met Steve want geen mens kan tog verantwoordelik gehou word vir uitsprake wat iemand anders maak nie. √√<br>**OF**<br>Ek stem nie saam met Steve nie, want hy is in die openbare oog en sy uitsprake het beslis 'n invloed op die algemene publiek. √√<br><br>LET DAAROP DAT DIE LEERDER KRITIESE KOMMENTAAR MOET LEWER EN NIE NET SÊ **WAT** STEVE SÊ NIE. | 2 | 5 |
| 1.14 | Wees boeiend/ interessant/ prettig/ leer om jouself te verwoord. √√<br>ENIGE TWEE VIR TWEE PUNTE | 2 | 3 |
| 1.15 | Sy sien die invloed van die sosiale media in haar eie gesin.√ | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.16 | Die artikel handel oor sosiale media en in die spotprent is al die elektroniese apparaat wat gebruik kan word om sosiaal te kan kommunikeer. √√/<br>Die artikel verwys na navorsing wat aangedui het dat mense van alle ouderdomme sosiale media gebruik, soos in die spotprent aangetoon word. √√ | 2 | 3 |
| 1.17 | Al drie die gebruikers is baie oorgewig. / Hulle kommunikeer nie met mekaar nie. √ | 1 | 4 |
| 1.18 | Al die gebruikers is reeds so oorgewig, hy weet nie of hulle nog groter kan word nie. √<br>Al drie is reeds so deel van sosiale media, hy weet nie of hulle meer betrokke kan raak nie./ Al drie se lewens word so oorheers deur sosiale media, hy weet nie of hul enige iets anders kan doen nie. √ | 2 | 3 |
| | | **[30]** | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** | |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming:**

Sewe wenke om geld te spaar.

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hulle eie sinne, in enige volgorde, skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/Beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat die opsomming puntsgewys aanbied, word dit nagesien.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

  Verspreiding van punte vir taal as kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:

  - 1-3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4-5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6-7 feite korrek: ken 3 punte toe

  Verspreiding van punte vir taal as kandidaat woordeliks aangehaal het:

  - 6-7 aanhalings: ken geen punt vir taal toe nie
  - 1-5 aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die hoeveelheid woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 90 woorde en verder tot by die einde van daardie sin.
  - Korter opsommings wat die vereiste maniere bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

ŉ Opsomming wat puntsgewys aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:

| **AFDELING B: OPSOMMING<br>VRAAG 2** | | | |
|---|---|---|---|
| | **Aanhaling** | | **Eie woorde** |
| *1* | *Maar as jy nóú begin, terwyl al jou geld nog in een klein beursie pas, is jy gerat vir ŉ goue toekoms.* | A | Begin vroegtydig spaar./ Begin spaar terwyl jy jonk is./ Begin nou spaar om ŉ goeie toekoms te hê. |
| *2* | *Selfs al sit jy net ŉ klein bedraggie elke maand weg, kan dit met verloop van tyd ŉ stewige bedrag word.* | B | Spaar elke maand, al is dit ŉ klein bedraggie./ Spaar ŉ sekere persentasie van jou geld. |
| *3* | *Stel ŉ begroting op.* | C | Stel vir jou ŉ begroting op. |
| *4* | *As die R50-noot in jou sak té ŉ groot versoeking is, moet dan nie met kontant in jou sak rondloop nie!* | D | Moenie kontant by jou hou as jy dit nie verstandig kan gebruik nie. |
| *5* | *Wees op die uitkyk vir winskopies.* | E | Kyk uit vir winskopies. |
| *6* | *Moenie kop verloor by uitverkopings nie.* | F | Hou kop as jy by uitverkopings is. / Moenie net koop om jouself gelukkig te maak nie. |
| *7* | *Die meeste mense sal jou aanraai om weg te bly van skuld.* | G | Sorg dat jy wegbly van skuld af. |

**Getal woorde: 58**

**OF**

Moontlike paragraaftipe antwoord:

Begin vroegtydig spaar./ Begin spaar terwyl jy jonk is./ Begin nou spaar om ŉ goeie toekoms te hê. Spaar elke maand, al is dit ŉ klein bedraggie./ Spaar ŉ sekere persentasie van jou geld. Stel vir jou ŉ begroting op. Moenie kontant by jou hou as jy dit nie verstandig kan gebruik nie. Kyk uit vir winskopies. Hou kop as jy by uitverkopings is./ Moenie net koop om jouself gelukkig te maak nie. Sorg dat jy wegbly van skuld af. **Getal woorde: 58**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word, soos in die instruksie aangedui.

**VRAAG 3**

| Vraag | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 3.1 | na √ | 1 | 1 |
| 3.2 | Die meeste skoolverlaters het na die eksamens 'n blaaskans nodig. √ | 1 | 3 |
| 3.3 | Pa gooi die as uit die braaier. √<br><br>*Kandidate kan die woord in enige sin as 'n selfstandige naamwoord gebruik.* | 1 | 2 |
| 3.4 | vermoë √ | 1 | 3 |
| 3.5 | Die avonturier klim teen al wat 'n krans is op. √ | 1 | 3 |
| 3.6 | Vermoëns √ | 1 | 3 |
| 3.7 | per – soon – lik – heids – ont – wi – ke – ling √ | 1 | 2 |
| 3.8 | Ek kommunikeer goed met my maats. √ | 1 | 4 |
| 3.9 | intellektuele √ | 1 | 3 |
| 3.10 | Ja, foto's kon die advertensie geloofwaardiger maak. √<br>**OF**<br>Nee, foto's is dikwels onduidelik en kon afbreuk doen aan die advertensie. √<br>*Enige ander sinvolle motivering moet ook oorweeg word.* | 1 | 5 |

**[10]**

**VRAAG 4**

| Vraag | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Meneer skree vir Neelsie dat hy nie luister as hy met hom praat nie./ Meneer skree vir Neelsie hy luister nie as hy met hom praat nie. √ | 1 | 2 |
| 4.2 | Hy buig vooroor./ Hy bal sy vuis. √ | 1 | 3 |
| 4.3 | Dit beklemtoon die onderwyser se woede. √ | 1 | 1 |
| 4.4 | stokdoof/potdoof √ | 1 | 1 |
| 4.5 | Die onderwyser het so hard geskree dat hy nou doof gaan wees. √ | 1 | 4 |
| 4.6 | Ontronding. √ | 1 | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.7 | Die periode is egter nou verby; daarom moet julle julle werk *save* sodat julle môre daarmee kan aangaan./ Omdat die periode nou verby is, moet julle julle werk *save* sodat julle môre daarmee kan aangaan./ Die periode is egter nou verby, derhalwe/gevolglik moet julle julle werk *save* sodat julle môre daarmee kan aangaan. √ | 1 | 1 |
| 4.8 | Ek het dit nie reggekry nie. √<br>*reggekry moet as een woord gespel word.* | 1 | 4 |
| 4.9 | Hááі √ | 1 | 2 |
| 4.10 | Haai, weet een van julle vandag/nou hoe *save* 'n mens Solitaire? √ | 1 | 3 |
| | | **[10]** | |

**VRAAG 5**

| **Vraag** | | **Punt** | **Vlak** |
|---|---|---|---|
| 5.1 | Jy kan tans 'n boodskap vinniger die wêreld oor stuur as wat jy kan sê "Send"./ Jy kan tans vinniger 'n boodskap die wêreld oor stuur as wat jy kan sê "Send". √ | 1 | 3 |
| 5.2 | dr. Piet Streicher √ | 1 | 1 |
| 5.3 | Wie is die besturende direkteur van BulkSMS?<br>Waarvan is Streicher die besturende direkteur? √ | 1 | 3 |
| 5.4 | deesdae √ | 1 | 2 |
| 5.5 | virtueel √ | 1 | 4 |
| 5.6 | Die kappie maak die –e– langer./ Die kappie voorkom die moontlikheid van uitspraakverwarring. √ | 1 | 3 |
| 5.7 | Ek ontmoet my vriendin vieruur in die winkel.<br>Dit neem my vier uur om die taak af te handel. √<br>*vieruur = tydstip*<br>*vier uur = tydsduur* | 1 | 3 |
| 5.8 | opwindende √ | 1 | 4 |
| 5.9 | byvoeglike naamwoord √ | 1 | 3 |
| 5.10 | Dit het vir die meeste mense so 'n noodsaaklikheid geword, /hul kan nie meer daarsonder klaarkom nie. √ | 1 | 3 |
| | | **[10]** | |
| | | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** | |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** | |

## OPSOMMING AFDELING A: BARRETT

| | **Vlak 1/2** | **Vlak 3** | **Vlak 4/5** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|
| Vraag 1 | 12 | 12 | 6 | 30 |
| **Werklike %** | 40% | 40% | 20% | 100% |
| **Vereiste %** | 40% | 40% | 20% | 100% |

## OPSOMMING AFDELING C: BARRETT

| | **Vlak 1/2** | **Vlak 3** | **Vlak 4/5** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|
| Vraag 3 | 3 | 5 | 2 | 10 |
| Vraag 4 | 6 | 2 | 2 | 10 |
| Vraag 5 | 2 | 6 | 2 | 10 |
| **Werklike %** | 37% | 43% | 20% | 100% |
| **Vereiste %** | 40% | 40% | 20% | 100% |

Kopiereg voorbehou